

4 November

Skrifgedeelte: Romeine 11:1-24

Fokusgedeelte: NGB, Art 27

### Die kerk – 'n vergadering wat altyd sal bestaan

Die bekende gemeente van Efese in die Nuwe Testament, die kerk in Noord-Afrika waaruit die kerkvader Augustinus gekom het, die kerke van Frankryk, Duitsland en Nederland (bakermat van ons gereformeerde-wees), het almal iets in gemeen. Op al hierdie plekke het die kerk dramaties agteruitgegaan of selfs verdwyn. Ook ons eie kerkverband is nie gespaar nie. Meer as 60 gemeentes het al ontbind. Is dit in hierdie lig verantwoord om te bely dat die kerk altyd sal bestaan? Kan ons met sekerheid sê: “Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie” (Matt 16:18)?

Ons Skrifgedeelte wys hoe Paulus met hierdie probleem worstel. Dit lyk vir hom of nie baie van sy eie mense (die Jode) in Christus glo nie. Hy waarsku egter die gemeente van Rome teen selfverheffing en hoogmoed. “Hou rekening met God,” sê Hy (vers 20). Die kerk as wortel sal altyd bestaan, want God het die kerk aan Hom gewy (vers 16), maar God kan takke uitkap en inent soos Hy wil. Die wortel dra die takke, nie die takke die wortel nie (vers 18).

Dat jy aan 'n kerk behoort wat Jesus Christus as Verlosser bely, is iets baie kosbaars. Dit is 'n bewys van God se “goedheid oor jou” (vers 22). 'n Kerk wat in hierdie wortel geënt wil bly mag sy bestaan nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit beteken ek, jy en alle lidmate moet alles in die stryd werp om die kerk se belydenis hande en voete te gee. Ons moet God se goedheid koester deur die ware belydenis vas te hou en daaruit te lewe, anders kan ook ons uitgekop word (vers 22).

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*